

1 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 145  
Fokusgedeelte: Psalm 145:10-13  
HK, Vraag 121

### Wanneer ons bid het ons met God te doen

Wanneer ons met die Here in ons gebede praat, is dit baie belangrik dat ons sal weet met wie ons praat. Hy is ons Vader, vol liefde, sorg en deernis. Hy is egter ook ons Vader *wat in die hemel is*. Hierdie woorde, “wat in die hemel is,” herinner ons daaraan om die Here nooit gelyk te stel aan enigiets wat hier op aarde aan ons bekend is nie. Hy is God, Hy is die ewige God, Skepper van alle dinge. Hy is totaal anders as sy skepping. Hy is nie ’n mens of sommer net ons maat nie.

Hy is die hemelse God en koning. As koning besit Hy hemelse majesteit. Sy goddelike majesteit skitter van lig, luister en heerlikheid. As hemelse koning is sy glans en glorie vir ons klein mensies onvoorstelbaar.

Hy is egter ook as hemelse koning vol almag en krag. Hy doen magtige dade. Sy grootheid is ondeurgrondelik. In sy almag heers Hy oor sy skepping, oor alle tye, gebeure en mense. Van ewigheid af is Hy koning en tot in ewigheid is Hy dieselfde God van mag. Juis omdat Hy God is kan ons in ons gebede dinge van Hom vra. Juis omdat Hy as God vol krag en majesteit is kan Hy ons gebede verhoor en ons in elke situasie help. Om te kan bid bly ’n groot wonderwerk – dat ons, klein en swak en sondige mensies met die grote en almagtige God kan praat en ons harte voor Hom kan oopmaak.

*Sing: Psalm 93:1*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~